Laerskool Villieria

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

24 Augustus 2020

# INPERKINGSBRIEF 20/2020

Geagte Ouers/Voogde

Welkom terug al ons GROEN GROEP VILLIES MAATS, maar so ook ons ouers/voogde.
Môre, 25 Augustus 2020 is dit al ons GEEL GROEP VILLIES MAATS.
Dankie tog hierdie dag het aangebreek, hierdie personeel is beslis gereed en opreg opgewonde om met ons dagtaak voluit te kan begin.

Help ons weer so mooi soos laas, motiveer u kind – Covid-19 is nog met ons. Ter wille van elke gesin, hou by die reëls, dra jou masker, hou jou afstand en maak gebruik van ons veelvuldige handewaspunte met seep, papierhanddoekrolle en voettrap saniteerstasies.

En alle geduld word van ons ouers gevra. Die wat kan, wanneer u kind afgelaai word – tas by die voete, veiligheidsgordel los, masker aan en venster oop.

## WEBBLAD

Dit is met trots wat ons kan aankondig dat ons webblad se konstruksieperiode agter die blad is.
Dinsdag, 1 September 2020 open ons Webblad.

Hier is wel ‘n versoek wat alle oud-Villieria ouers, grootouers en moontlike oupa- en oumagrootjies mag raak. As daar enige oud-Villieria foto’s en/of memorabilia tuis is wat by ons skool se Geskiedenisblad bygevoeg kan word, kontak mnr. Grobler. Op dié manier kan ons vir die moderne generasie bietjie visueel wys wat jare en jare terug hier gebeur het, hoe ons geskiedenisryke skool van jare terug ontwikkel het tot in sy volle glorie vandag en vir ons toekoms.

## SAKKE

Ons Sakkeprojek is die een ding wat ons graag swaar op ons ouers/voogde se skouers wil laai. Hou positief aan verkoop asseblief. Dit is ons enigste Fondsinsamelingsprojek hierdie jaar en elke pakket wat verkoop word is ‘n ekstra hulp om hierdie jaar finansieël suksesvol te eindig. **OPREGTE DANK**.

## AKADEMIE

Alle leerders wat ook nou terugkeer skool toe, onthou dat skoolbywoning nou meer belangrik is as ooit. Assesserings en voorbereiding vir assessering sal van hieraf ernstig gedoen word.
Voorkom enige leerderspanning deur enige onnodige afwesigheid, MAAR ... as ‘n leerder koors het of siek is, bly asseblief tuis. Kommunikeer met die skool.
***Graad 7’s, onthou ons keer Vrydae weer terug na 13:30 verdaagtyd.***

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

> **Die wêreld smag na waardering. Daar is 'n honger vir komplimente. Maar iemand moet die bal aan die rol sit.**
>
> ***George Crane***

Villiesgroete



**DP HAASBROEK**
**HOOF**